- indien jy tans of onlangs lewende verswakte entstowwe (entstowwe teen geelkoors, waterpokkies, gordelroos, masels, pampoentjies, rubella, tuberkulose, rotavirus, griep) ontvang of ontvang het, en dit moet ook nie vir 'n tydperk van 6 maande na staking van chemoterapie toegedien word nie.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

IRINOTECAN FKSA sal slegs aan jou toegedien word in 'n gespesialiseerde eenheid waar chemoterapie (kankerbehandeling) toegedien word en dit sal slegs deur 'n gekwalifiseerde dokter (onkoloog) toegedien word.

Lig jou dokter of gesondheidsorgverskaffer in voordat jy ingespuit word:

- Indien jy Gilbert se sindroom het, 'n oorerflike toestand wat verhoogde bilirubienvlakke en geelsug (geel vel en oë) kan veroorsaak.

Wees versigtig met **IRINOTECAN FKSA:**

Diarree

IRINOTECAN FKSA veroorsaak matig-tot-ernstige diarree kort nadat jy jou behandeling ontvang het en dit kan ook meer as 24 uur na jou behandeling voorkom. Indien dit onbehandeld gelaat word, kan dit lei tot

dehidrasie en ernstige chemiese wanbalanse wat lewensgevaarlik kan wees.

Indien jy voorheen radioterapie van die buik of bekken gehad het, sal jy meer geneig wees om diarree te ontwikkel.

Jou dokter sal medisyne vir diarree voorskryf om vloeistofverlies tydens jou behandeling te verminder.

Maak seker jy kry die medisyne dadelik sodat jy dit by die huis het wanneer jy dit benodig.

- Neem hierdie medisyne presies soos jou dokter voorgeskryf het, by die eerste tekens van los of gereelde stoelgange.
- Jy moet daagliks baie vloeistowwe (water, souterige drankies soos gaskoeldrank, koeldrank of sop) inneem terwyl jy met **IRINOTECAN FKSA** behandel word.
- Indien jy meer as 48 uur na behandeling teen diarree koors, dehidrasie, lighoofdigheid, duiseligheid, floute of diarree ervaar, kontak asseblief jou dokter aangesien jy dalk gehospitaliseer moet word.

Neutropenie (afname in sommige witbloedselle)

Jou dokter sal jou totale witbloedseltelling nagaan en dit moet tydens behandeling met **IRINOTECAN FKSA** gedoen word. Dit kan die risiko om 'n infeksie te kry verhoog. Sorg dat jy jou dokter dadelik inlig indien jy enige tekens van infeksie opmerk, soos koors (38 °C of hoër), koue rillings, pynlike urinering, 'n nuwe hoes, of opwelling van sputum.

Vermy nabyheid aan siek mense of mense wat infeksies het. Lig jou dokter dadelik in indien jy tekens van infeksie ontwikkel.

Lewerinkorting

Lewerfunksiewaardes moet voor jou eerste behandeling en voor elke behandelingsiklus bepaal word. Jou dokter sal jou lewerfunksie monitor om die korrekte dosis van **IRINOTECAN FKSA** te bepaal.

Monitering van bloed

Jou dokter sal waarskynlik voor en tydens die behandeling bloedtoetse doen om te sien of die medisyne jou bloedtellings of bloedchemie beïnvloed. Gebaseer op die toetsresultate, kan jy moontlik medisyne benodig om die uitwerkings te help behandel. Jou dokter sal moontlik ook jou volgende dosis van hierdie medisyne moet verminder of uitstel, of dit selfs heeltemal staak. Hou alle afsprake vir doktersbesoeke en laboratoriumtoetse.

Hierdie medisyne kan jou bloedplaatjietelling verlaag in die weke nadat dit gegee is, wat jou risiko vir bloeding kan verhoog. Raadpleeg jou dokter voordat jy enige medisyne of aanvullings neem wat jou liggaam se vermoë kan beïnvloed om bloeding te stop, soos aspirien of aspirienbevattende medisyne,

warfarien of vitamien E bevat.

Lig jou dokter dadelik in as jy ongewone kneusings kry, of bloeding soos neusbloeding, bloeiende tandvleis wanneer jy jou tande borsel, of swart, teeragtige stoelgang.

Naarheid en braking

Jy kan dalk naarheid en braking ervaar op die dag wat jy hierdie medisyne ontvang of vir die eerste paar dae daarna. Jou dokter sal heel waarskynlik voor elke behandelingsiklus medisyne teen naarheid voorskryf. Jou dokter sal waarskynlik medisyne teen naarheid voorskryf om ook by die huis te neem.

Hou hierdie medisyne gereed vir ingeval jy dit nodig het. Bel jou dokter as jy weens naarheid en braking nie vloeistowwe per mond kan inneem nie.

Akute cholinergiese sindroom

Indien jy simptome soos vroeë diarree en 'n reeks simptome soos loopneus, sweet, blosing, buikkrampe, oormatige trane in die oë, vernouing van die pupille en verhoogde speekselafskeiding ervaar, kan jy akute cholinergiese sindroom hê en jou dokter sal die korrekte dosisse atropiensulfaat vir behandeling moet toedien.

Longversteurings

Dit is selde dat mense wat hierdie medisyne gebruik ernstige longprobleme ontwikkel. Kontak jou dokter dadelik as jy nuwe of verergerende hoes, moeilike asemhaling en koors ontwikkel. Jou dokter sal moontlik jou behandeling moet staak om hierdie probleem te behandel.

Hierdie medisyne kan jou risiko vir groot bloedklonte in die are van die bene of longe verhoog, wat dan na ander dele van die liggaam soos die longe of brein kan beweeg. Lig jou dokter dadelik in indien jy borskaspyn, kortasem, of swelling, pyn, rooiheid, of warmte in 'n arm of been opmerk.

Chroniese inwendige inflammasie en/of inwendige obstruksie

Kontak jou dokter as jy buikpyn het en jy kan nie 'n stoelgang passeer nie, veral as jy ook buikopsetting en verlies van eetlus het.

Bestralingsterapie

Indien jy onlangs behandeling met bekken- of abdominale radioterapie ontvang het, kan jy 'n groter risiko hê om beenmurgonderdrukking te ontwikkel. Praat asseblief met jou dokter voordat jy met die **IRINOTECAN FKSA begin.**

Nierfunksie

Voorvalle van nierdisfunksie is aangemeld. Aangesien **IRINOTECAN FKSA** jou niere kan beïnvloed, kan dit

nodig wees om die dosis aan te pas. Jou dokter sal besluit of dit nodig is.

Hartversteurings

Lig jou dokter in as jy aan hartsiekte ly/gely het of as jy voorheen medisyne teen kanker ontvang het. Jou dokter sal jou noukeurig monitor en met jou bespreek hoe die risikofaktore (bv. rook, hoë bloeddruk en oortollige vet) verminder kan word.

Aangesien **IRINOTECAN FKSA** jou hartfunksie kan beïnvloed, kan dit nodig wees om die dosis aan te pas. Jou dokter sal besluit of dit nodig is.

Vaskulêre versteurings

IRINOTECAN FKSA word selde geassosieer met bloedsomloopversteurings (bloedklonte in die vate van jou bene en longe) en kan in seldsame gevalle by pasiënte met verskeie risikofaktore voorkom.

Ander

Hierdie medisyne kan sere in die mond of op die lippe veroorsaak, dikwels binne die eerste paar weke nadat behandeling begin is. Dit kan mondpyn, bloeding of selfs probleme met eet veroorsaak. Jou dokter of verpleegster kan maniere voorstel om dit te verminder, soos om die manier waarop jy eet of hoe jy jou tande borsel te verander. Indien nodig, kan jou dokter medisyne vir die pyn voorskryf.

Voorbehoeding by vroue wat nog in hulle vrugbare jare is/mans & Borsvoeding

Vir inligting oor voorbehoeding en borsvoeding, sien asseblief die inligting hieronder in die afdeling vir swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid.

Kinders en adolessente

Die veiligheid en doeltreffendheid van IRINOTECAN FKSA is nog nie by kinders onder 18 jarige ouderdom bepaal nie.

Ander medisyne en IRINOTECAN FKSA

Lig altyd jou gesondheidsorgverskaffer in as jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Lig asseblief jou dokter in as jy enige van die volgende medisyne gebruik of geneem het, aangesien sommige medisyne die manier waarop **IRINOTECAN FKSA** werk kan beïnvloed

- Medisyne gebruik vir die behandeling van epilepsie/stuipe (karbamasepien, fenobarbitaal en fenitoïen)
- Medisyne gebruik vir die behandeling van fungusinfeksie (ketokonasool, itrakonasool, vorikonasool en

posakonasool)

- Medisyne gebruik vir die behandeling van bakteriële infeksie (klaritromisien, eritromisien en telitromisien)
- Medisyne gebruik vir die behandeling van tuberkulose (rifampisien en rifabutien)
- Die kruiemedisyne Sint Janskruid (*Hypericum perforatum*) mag nie gelyktydig met **IRINOTECAN FKSA** en nie tussen behandelings gebruik word nie, aangesien dit die effek van **IRINOTECAN FKSA** kan verminder
- Lewende verswakte entstowwe
- Medisyne gebruik vir die behandeling van MIV (indinavir, ritonavir, amprenavir, fosamprenavir, nelfinavir, atasanavir, en ander)
- Medisyne wat gebruik word om jou liggaam se immuunstelsel te onderdruk om verwerping van die oorplanting te voorkom (siklosporien en takrolimus)
- Medisyne gebruik vir die behandeling van kanker (regorafenib, krisotinib en idelalisib). 'n Kankermedisyne bekend as bevakisumab kan die uitwerking van **IRINOTECAN FKSA** verhoog. Wanneer hierdie medisyne saam met **IRINOTECAN FKSA** gegee word, kan dit die diarree en bloedafwykings wat mag voorkom vererger
- 'n Kortisoonmedisyne bekend as deksametasoon gebruik vir die behandeling van inflammasie en kanker. Wanneer dit op dieselfde tyd as **IRINOTECAN FKSA** gegee word, kan deksametasoon die kans op 'n afname in 'n sekere tipe witbloedsel ('n bloedversteuring bekend as limfositopenie) verhoog
- Medisyne wat gebruik word vir spierverlamming/narkose tydens 'n operasie (neuromuskulêre blokkerende medisyne). Die effek van hierdie medisyne kan verleng word wanneer dit saam met **IRINOTECAN FKSA** toegedien word
- Lakseermiddels, aangesien dit die voorkoms of erns van diarree kan vererger
- Medisyne wat urinering bevorder (diuretika) kan, tesame met die braking en diarree wat met **IRINOTECAN FKSA** kan voorkom, tot dehidrasie lei
- Medisyne gebruik vir die behandeling van epilepsie (d.w.s. stuipweermiddels, bv., karbamasepien, fenobarbitaal of fenitoïen) verminder die effek van **IRINOTECAN FKSA**
- Medisyne gebruik vir die behandeling van 'n swaminfeksie, genaamd asool-swamweermiddels (bv. ketokonasool), aangesien dit die effek van **IRINOTECAN FKSA** kan verhoog
- Loperamied moet nie vooraf geneem word om die newe-effek van diarree te behandel nie

- Antistolmiddels (medisyne wat die stolling van bloed voorkom)
- Setuksimab ('n EGF- reseptoriremmer)
- Medisyne vir spierverslapping tydens algemene narkose en chirurgie (suksametonium)
- 5-fluoorurasiel/foliniensuur
- Bevakisumab ('n antikankermedisyne)
- Setuksimab ('n antikankermedisyne)

Lig jou dokter in as jy 'n geelkoors-inenting of enige ander inentings gehad het of gaan kry (sien "**IRINOTECAN FKSA** moet nie aan jou toegedien word nie")

Indien jy 'n operasie benodig, sorg dat jou dokter en narkotiseur weet dat jy **IRINOTECAN FKSA** ontvang, aangesien dit die effek van sommige medisyne wat tydens die operasie gebruik word, kan verander

Hierdie medisyne kan ernstige diarree veroorsaak. Probeer om lakseermiddels en stoelversagmiddels te vermy terwyl jy hierdie medisyne gebruik.

Swangerskap en borsvoeding en vrugbaarheid

Indien jy swanger is of borsvoed, dink jy is dalk swanger, of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer voordat jy hierdie medisyne ontvang.

Voorbehoeding

Indien jy 'n vrou van vrugbare ouderdom is, moet jy doeltreffende voorbehoedmiddels gebruik, tydens en vir 6 maande nadat behandeling gestaak is.

As jy 'n man is moet jy doeltreffende voorbehoedmiddels gebruik, tydens en tot 3 maande nadat behandeling gestaak is. Dit is belangrik om met jou dokter te kontroleer watter tipes geboortebeperking met hierdie medisyne gebruik kan word.

Swangerskap

Hierdie medisyne kan probleme met die fetus veroorsaak as dit tydens bevrugting of tydens die swangerskap gebruik word. Mans en vroue wat hierdie medisyne gebruik, moet betroubare kontrasepsie vir ten minste drie maande (vir mans) en ses maande (vir vroue) tydens behandeling gebruik. Dit is belangrik om met jou dokter te kontroleer watter tipes geboortebeperking met hierdie medisyne gebruik kan word.

Borsvoeding

Irinotekaan en sy metaboliet is in mensmelk waargeneem.

Borsvoeding moet vir die duur van jou behandeling met hierdie medisyne gestaak word.

Indien jy borsvoed, vra jou dokter of apteker om raad voordat jy hierdie medisyne neem.

Vrugbaarheid

Geen studies is gedoen nie, nietemin kan hierdie medisyne vrugbaarheid beïnvloed.

Bespreek met jou dokter die moontlike risiko's van hierdie medisyne en die opsies om jou vermoë om kinders te hê te bewaar.

Bestuur en die gebruik van masjinerie

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot hoe 'n mate **IRINOTECAN FKSA** die daaglikse aktiwiteite van 'n pasiënt kan beïnvloed nie. Pasiënte moet seker maak dat hulle nie aan bogenoemde aktiwiteite deelneem voordat hulle nie bewus is tot hoe 'n mate **IRINOTECAN FKSA** hulle aantas nie.

IRINOTECAN FKSA kan duiseligheid en probleme met sig veroorsaak, Wees versigtig totdat jy weet hoe **IRINOTECAN FKSA** jou raak voordat jy bestuur of enige masjinerie hanteer.

IRINOTECAN FKSA bevat sorbitol

Sorbitol is 'n bron van fruktose. Indien jy 'n oorerflike fruktose-onverdraagsaamheid (HFI), 'n seldsame genetiese afwyking, het moet jy nie hierdie medisyne ontvang nie. Pasiënte met HFI kan nie fruktose afbreek nie, wat ernstige newe-effekte kan veroorsaak.

Jy moet jou dokter inlig voordat jy hierdie medisyne ontvang as jy HFI het of nie meer soet kos of vloeistowwe kan inneem nie omdat jy naar voel, opbring of onaangename effekte ervaar soos buikopsetting, maagkrampe of diarree.

IRINOTECAN FKSA bevat natrium

Hierdie medisyne bevat minder as 1 mmol natrium (23 mg) per dosis, dit wil sê dit is in wese 'natriumvry'.

3. Hoe IRINOTECAN FKSA aan jou gegee word

Daar sal nie van jou verwag word om **IRINOTECAN FKSA** aan jouself toe te dien nie. Dit sal deur 'n gekwalifiseerde persoon aan jou gegee word.

IRINOTECAN FKSA is slegs vir intraveneuse gebruik. Jou dokter sal op grond van jou spesifieke siektetoestand en behoeftes besluit oor 'n geskikte dosis en duur van die behandeling.

Die hoeveelheid **IRINOTECAN FKSA** wat jy sal ontvang, hang van baie faktore af, insluitend jou lengte en

gewig, jou algemene gesondheid of ander gesondheidsprobleme, die tipe kanker of siektetoestand wat behandel word. Jou dokter sal jou dosis en skedule bepaal.

IRINOTECAN FKSA word in 'n aar, deur 'n intraveneuse roete (IV), ingespuit.

Jy sal hierdie inspuiting in 'n kliniek of hospitaalomgewing ontvang. **IRINOTECAN FKSA** moet stadig gegee word, en die IV infusie kan tot en met 90 minute duur om af te handel.

Jy kan moontlik ander medisyne ontvang om naarheid, braking, diarree en ander newe-effekte te voorkom terwyl jy **IRINOTECAN FKSA** ontvang. Jy sal dalk moet aanhou om hierdie medisyne vir ten minste 'n dag ná jou **IRINOTECAN FKSA**-inspuiting te gebruik.

Lig jou verpleegster in as jy brand, pyn of swelling rondom die IV-naald ervaar wanneer **IRINOTECAN FKSA** ingespuit word. Indien die medisyne uit die aar lek kan dit weefselskade veroorsaak. Indien jy pyn of rooiheid of swelling ervaar by die IV-plek terwyl jy **IRINOTECAN FKSA** ontvang, lig dadelik jou gesondheidsorgkundige in.

Daar is tans verskeie behandelingskedules wat aanbeveel word vir **IRINOTECAN FKSA**. Dit word gewoonlik een keer elke 3 weke gegee (**IRINOTECAN FKSA** alleen gegee) of een keer elke week (**IRINOTECAN FKSA** gegee in kombinasie met 5FU/FA-chemoterapie).

Die dosis sal afhang van 'n aantal faktore, insluitend die behandelingskedule, jou liggaamsgrootte, jou ouderdom en algemene gesondheid, jou bloedtellings, hoe goed jou lewer werk, of jy bestraling op jou buik/bekken gehad het, en of jy enige newe-effekte soos diarree het.

Indien jy meer IRINOTECAN FKSA ontvang het as wat jy moes

Aangesien 'n gesondheidsorgverskaffer **IRINOTECAN FKSA** sal toedien, sal hy/sy die dosis beheer. Ingeval daar egter 'n oordosering is, sal jou dokter die nodige doen om dit te hanteer.

Indien jy vergeet om IRINOTECAN FKSA te gebruik

IRINOTECAN FKSA is slegs vir intraveneuse gebruik.

Aangesien 'n gesondheidsorgverskaffer **IRINOTECAN FKSA** sal toedien, is dit onwaarskynlik dat 'n dosis oorgeslaan sal word.

4. Moontlike newe-effekte

IRINOTECAN FKSA kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir **IRINOTECAN FKSA** aangemeld is, is by hierdie inligtingsblad ingesluit nie.

Indien jou algemene gesondheid verswak of jy enige ongewenste effekte ervaar wanneer jy **IRINOTECAN FKSA** ontvang, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer.

Indien enige van die volgende gebeur, lig jou dokter dadelik in, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:

- Tekens van 'n allergiese reaksies: netelroos; moeilike asemhaling; swelling van jou gesig, lippe, tong of keel
- inflammasie by die plek van inspuiting
- inflammasie van die slymvliesvoering in die mond
- swelling van die voete en hande, hoofpyn, sweet meer, gloede
- Koors
- Dehidrasie
- Vroeë diarree, meer as 24 uur nadat jy **IRINOTECAN FKSA** ontvang het, gepaardgaande met simptome van verhoogde speekselafskeiding, waterige oë, sweet, gloede, buikkrampe, kouekoors, traanafskeiding (waterige oë), rinitis (irritasie en ontsteking in die neus wat kan lei tot 'n verstopte neus, loopneus en/of postnasale drup), duiseligheid, hipotensie (lae bloeddruk), malaise (ongesteldheid), miose (konstriksie van die pupille van die oë), konjunktivitis (oogontsteking), vasodilatasie (verwyding van die bloedvate). (Dit kan voorkom terwyl die medisyne toegedien word. In hierdie geval, lig dadelik jou gesondheidsorgkundige in. Medisyne kan gegee word om hierdie vroeë newe-effek te stop en/of te verminder)
- Laat diarree, meer as 48 uur na behandeling teen diarree. Weens kommer oor dehidrasie en elektrolietwanbalans met diarree, is dit belangrik om in kontak te bly met gesondheidsorgkundiges vir monitering en raad oor medisyne en dieetaanpassings
- Erge diarree
- Naarheid en braking
- Afname in witbloedselle

IRINOTECAN FKSA kan 'n afname in die aantal witbloedselle, wat 'n belangrike rol speel om infeksies te beveg, veroorsaak. Dit is bekend as neutropenie.

Indien jy enigsins koors het, kan dit 'n aanduiding wees van infeksie wat met hierdie neutropenie geassosieer word.

Al hierdie newe-effekte is baie ernstig. Indien jy enige daarvan ervaar, kan jy moontlik 'n ernstige reaksie op op **IRINOTECAN FKSA** hê. Jy kan dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig jou dokter dadelik in, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal indien jy die volgende waarneem:

- Sweet
- Buikkrampe
- Trane
- Vernoude pupille
- Verhoogde speekselvorming in mond.

Al hierdie newe-effekte is baie ernstig. Jy kan dringende mediese aandag benodig.

Lig jou dokter in as jy enige van die volgende waarneem:

Gereelde newe-effekte:

- Bloedafwykings, insluitend 'n verandering in die aantal bloedselle
    - Abnormale lae aantal witbloedselle, wat jou aan 'n hoër risiko vir infeksie kan blootstel
    - Lae aantal rooibloedselle wat moegheid en kortasem veroorsaak
    - Lae aantal plaatjies (bloedselle wat help met stolling) wat kneusing of bloeding kan meebring
    - Lae aantal witbloedselle met koors
- Verbygaande spraakversteurings
- Sweet, kouekoors, duiseligheid, koors
- Lae bloeddruk
- Diarree, naarheid, braking, dehidrasie
- Hardlywigheid
- Buikpyn
- Haarverlies (omkeerbaar)
- Spierkrampe
- Pyn by die plek waar jy ingespuit was
- Afname in eetlus
- Cholinergiese sindroom (sien Wees versigtig met **IRINOTECAN FKSA**)
- Inflammasie van die slymvliese
- Voel swak en sonder energie

- Abnormale lewerfunksiewaardes
- Infeksie
- Abnormale nierfunksiewaardes (swak funksionering van die niere)

Minder gereelde newe-effekte:

- Longsiekte
- Hoë bloeddruk
- Allergiese reaksies, soos jeuk of netelroos, 'n abnormale fisiese sensasie en 'n prikkelgevoel
- Pynlike hartaandoening
- Ekstravasasie, dit is die uitlek van medisyne uit die aar in die omliggende weefsel. Tekens en simptome sluit in 'n brandgevoel en edeem rondom die inspuitplek
- Tumorlisesindroom, waarby 'n groot aantal kankerselle binne 'n kort tydperk sterf en hul inhoud in die bloed vrystel. Tekens en simptome sluit in naarheid met of sonder braking, gebrek aan eetlus, moegheid, donker urien.

Frekwensie onbekend:

- Verbygaande spraakafwykings tydens of kort na die behandeling
- Erge, aanhoudende of bloederige diarree (wat met maagpyn of koors geassosieer kan word) wat deur bakterieë (*Clostridium difficile*) veroorsaak word
- Bloedinfeksie
- Dehidrasie (weens diarree en braking)
- Duiseligheid, vinnige hartslag en bleek vel ('n toestand genaamd hipovolemie)
- Allergiese reaksie
- Speld-en-naaldprikkels
- Hoë bloeddruk (tydens of na infusie)
- Hartprobleme*
- Longsiekte wat hyging en kortasem veroorsaak (sien afdeling 2)
- Hik
- Inwendige obstruksie
- Vergrote kolon
- Bloeding uit die dermkanaal

- Inflammasie van die dikderm
- Abnormale laboratoriumtoetsresultate
- Gat in die derm
- Vetterige lewersiekte
- Velreaksies
- Reaksies by die plek waar die medisyne toegedien was
- Lae bloedkaliumvlak
- Lae bloedsoutvlak, meestal te wyte aan diarree en braking
- Spierkrampe
- Nierprobleme*
- Lae bloeddruk*
- Swaminfeksies
- Virusinfeksies

* Seldsame gevalle van hierdie voorvalle was by pasiënte waargeneem wat episodes van dehidrasie ervaar het wat met diarree en/of braking of bloedinfeksies geassosieer word.

Indien jy enige newe-effekte waarneem wat nie in hierdie inligtingsblad vermeld word nie, lig asseblief jou dokter of apteker in.

Aanmelding van newe-effekte

Indien jy newe-effekte ervaar, praat met jou dokter of verpleegster. Jy kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer via die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) en die eReporting-platform (who-umc.org) “Adverse Drug Reactions and Product Quality Reporting Form”, op die SAHPRA webwerf: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting rakende die veiligheid van **IRINOTECAN FKSA** te verskaf.

5. Hoe om IRINOTECAN FKSA te bewaar

Bewaar alle medisyne buite bereik van kinders.

Bewaar by of onder 25 °C. Moenie vries nie. Beskerm teen lig.

Slegs vir intraveneuse gebruik.

Slegs vir enkelgebruik.

6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

Wat IRINOTECAN FKSA bevat

Die aktiewe bestanddeel is irinotekaanhidrochloriedtrihidraat.

Elke 1 ml bevat 20 mg irinotekaanhidrochloriedtrihidraat.

Die ander bestanddele is sorbitol, melksuur, natriumhidroksied en water vir inspuiting.

Hoe IRINOTECAN FKSA lyk en inhoud van die pakkie

IRINOTEC**AN FKSA** is 'n geelkleurige oplossing sonder sigbare deeltjies.

IRINOTECAN 40 mg/2 ml FKSA word verpak in 'n 6 ml amber Tipe I glasflessie met 'n grys chloorbutielrubberprop en 'n groenkleurige 20 mm aluminium wip-af seël.

IRINOTECAN 100 mg/5 ml FKSA word verpak in 'n 6 ml amber Tipe I glasflessie met 'n grys chloorbutielrubberprop en 'n bloukleurige 20 mm aluminium wip-af seël.

IRINOTECAN 300 mg/15 ml FKSA word verpak in 'n 20 ml amber Tipe I glasflessie met 'n grys chloorbutielrubberprop en 'n rooikleurige 20 mm aluminium wip-af seël.

IRINOTECAN 500 mg/25 ml FKSA word verpak in 'n 30 ml amber Tipe I glasflessie met 'n grys chloorbutielrubberprop en 'n geelkleurige 20 mm aluminium wip-af seël.

Houer van die Registrasiesertifikaat

Fresenius Kabi South Africa (Pty) Ltd

Erf 7, Growthpoint Business Park,

Tonettistraat 162

Halfway House, Extension 7, Midrand, 1685

Suid-Afrika

Hierdie inligtingsblad was voorheen hersien op:

06 November 2024

Registrasienommers

IRINOTECAN 40 mg/2 ml FKSA: 45/26/0915

IRINOTECAN 100 mg/5 ml FKSA: 45/26/0916

IRINOTECAN 300 mg/15 ml FKSA: 45/26/0917

IRINOTECAN 500 mg/25 ml FKSA: 45/26/0918